HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

NOVEMBER EKSAMEN 2017

VRAESTEL 3

GRAAD 10

TYD: 2 UUR

PUNTE: 100

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 6 BLADSYE

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Opstel** | **(50)** |
| **AFDELING B:** | **Lang transaksionele teks** | **(30)** |
| **AFDELING C:** | **Kort transaksionele teks** | **(20)** |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

4. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

6. Beplan jou tyd so:

| | |
|---|---|
| **AFDELING A:** | **60 minute** |
| **AFDELING B:** | **40 minute** |
| **AFDELING C:** | **20 minute** |

7. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

8. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

9. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A : OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Skryf 'n OPSTEL van 150 - 200 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by elke skryfstuk wees.

1.1 "Musiek is my hartslag... **[50]**

1.2 Rekenaartegnologie is belangrik in die klaskamer. **[50]**

1.3 Kan dit waar wees? **[50]**


1.4 Hy/ Sy is die persoon wat my gemotiveer het. **[50]**

1.5 My grootste droom .... **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor.
Skryf die vraagnommer (bv.1.6.1) en die titel van jou opstel neer.


**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1.




[Uit:www.google.com] **[50]**

1.6.2



[Uit:www.google.com] **[50]**

1.6.3



[Uit:www.google.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B : LANG TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 120 - 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Onthou om eers te beplan en DAARNA 'n eerste poging te skryf.
- Skryf die getal woorde ONDERAAN die finale skryfstuk.

**2.1. VRIENDSKAPLIKE BRIEF** **[30]**

Jy het onlangs goeie nuus ontvang. Skryf 'n brief aan jou maat en vertel hom/ haar van die goeie nuus.

Onthou om die regte formaat te gebruik.

**2.2. INFORMELE TOESPRAAK** **[30]**

Julle het onlangs 'n groot storm in Durban gehad. Jy wil graag ou klere en kos vir mense insamel wat hulle huise verloor het. Jy wil met jou registerklas praat en hulle vra om goed te skenk ( donate). Skryf die informele toespraak neer.

**2.3. HULDEBLYK** **[30]**

Iemand wat 'n belangrike rol in jou lewe gespeel het, is onlangs oorlede. Jy moet 'n huldeblyk oor hom/ haar tydens 'n begrafnisdiens lewer.

**2.4 DIALOOG** **[30]**

Jou sportheld/ sportheldin besoek julle skool. Jy gesels met hierdie persoon oor sy/haar loopbaan. Skryf die gesprek tussen jou en die sportster neer.

Onthou om die korrekte dialoogvorm te gebruik.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C : KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 - 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Onthou om te beplan en 'n eerste poging te wys.

**3.1 POSKAART** **[20]**

Jy en jou gesin is met vakansie. Iets het met een van jou gesinslede gebeur.

Skryf 'n POSKAART aan jou maat en vertel hom/haar daarvan.

**3.2 PLAKKAAT** **[20]**

Jy en jou vriende het onlangs 'n musiekgroep of 'n dansgroep gestig.

Julle wil julle konsert aan die gemeenskap wys en ook graag 'n bietjie geld verdien (earn).

Maak jou eie plakkaat waarin jy julle optrede adverteer.

**LET WEL: Jy kry punte vir die INHOUD en NIE vir die uitleg (versiering) nie.**

**3.3 DAGBOEKINSKRYWING** **[20]**

Jy en jou gesin het vir die naweek gaan kampeer. Dit is nou Sondagaand en julle is terug by die huis.

Skryf nou in jou dagboek oor die aktiwiteite van die naweek en hoe jy voel na die tyd saam met die gesin.

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL : 100**